Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## SEPTEMBER 2023

# REKENINGKUNDE V2

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye insluitend 'n formuleblad en 'n 10-bladsy antwoordeboek.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. ʼn Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. ʼn Formuleblad met Finansiële Aanwysers is aan die einde van hierdie vraestel aangeheg.
4. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
5. Jy mag ʼn nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Jy mag ʼn donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
7. ALLE bewerkings moet tot EEN desimale punt getoon word, waar van toepassing.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as ʼn riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

| VRAAG | ONDERWERP | PUNTE | MINUTE |
|---|---|---|---|
| **1** | Rekonsiliasies | 35 | 30 |
| **2** | Kosterekeningkunde | 40 | 30 |
| **3** | Voorraadwaardasie en BTW | 40 | 30 |
| **4** | Begroting | 35 | 30 |
| **TOTAAL** | | **150** | **120** |

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 1: REKONSILIASIES (35 punte; 30 minute)

### 1.1 KREDITEUREREKONSILIASIE

Candy Winkels koop goedere op krediet van Awesome Verskaffers.

**GEVRA:**

Gebruik die tabel wat verskaf word om die nodige aanpassings te maak:

- In die Krediteuregrootboekrekening in die boeke van Candy Winkels.
- In die Krediteurerekonsiliasiestaat op 28 Februarie 2023.

Toon 'n "+" vir toename en 'n "–" vir afname langs elke bedrag. (10)

**INLIGTING:**

Die saldo op die staat van Awesome Verskaffers ontvang, stem nie ooreen met die saldo van hul rekening in die Krediteuregrootboek nie.

**A.** Saldo van Awesome Verskaffers in die Krediteuregrootboek: R52 900.

**B.** Rekeningstaat van Awesome Verskaffers ontvang:

**AWESOME VERSKAFFERS** **Nr. 2169**

Pineridge Singel 205
Gqeberha 5820

Debiteur: **Candy Winkels** 25 Februarie 2023

| DATUM | | BESONDERHEDE | DEBIET | KREDIET | SALDO |
|---|---|---|---|---|---|
| Jan. | 26 | Saldo | | | 45 300 |
| | 28 | Kwitansie 110 | | 12 000 | 33 300 |
| Feb. | 01 | Faktuur A12 | 14 600 | | 47 900 |
| | 03 | Kredietnota 34 | 800 | | 48 700 |
| | 10 | Kwitansie 0076 | | 12 000 | 36 700 |
| | | Korting toegestaan | | 600 | 36 100 |
| | 18 | Faktuur 588 | 16 340 | | 52 440 |
| | 24 | Faktuur 1132 | 54 820 | | 107 260 |
| | 25 | Aflewering | 1 540 | | 108 800 |

**C.** 'n Ondersoek het die volgende foute en weglatings aan die lig gebring:

(i) Faktuur A12 is verkeerdelik as R16 400 in die kediteuregrootboek-rekening aangeteken. Die bedrag op die staat is korrek.

(ii) Kredietnota 34 was vir beskadigde goedere wat op 2 Februarie 2023 teruggestuur is.

(iii) Candy Winkels het die korting as R1 200 aangeteken. Awesome Verskaffers het aangedui dat die besigheid slegs op R600, soos op die staat aangedui, geregtig is.

(iv) Awesome Verskaffers het 5% handelskorting op Faktuur 588 toegestaan. Candy Winkels het dit nie in aanmerking geneem toe hulle na die Krediteuregrootboek oorgeboek het nie.

(v) Faktuur 1132 op die staat was vir goedere wat Awesome Verskaffers aan Sweets Galore verkoop het.

(vi) Awesome Verskaffers hef 'n afleweringsfooi van al hul klante. Dit is nie in die Krediteuregrootboek aangeteken nie.

1.2 **BANKREKONSILIASIE**

Die inligting verskyn in die boeke van Donald Handelaars vir Mei 2023.

**GEVRA:**

1.2.1 Bereken die korrekte saldo van die Bankrekening deur die tabel wat in die ANTWOORDEBOEK voorsien is, te voltooi. (12)

1.2.2 Stel die Bankrekonsiliasiestaat op 31 Mei 2023 op. (7)

1.2.3 Verskaf EEN voorstel hoe die probleem van vervalste note voorkom kan word. (2)

1.2.4 Donald is bekommerd oor die uitstaande deposito's. Verskaf TWEE interne beheermaatreëls wat hy kan implementeer om hierdie probleem aan te spreek. (4)

**INLIGTING:**

**A. Uittreksel: Bankrekonsiliasiestaat op 30 April 2023**

| | | |
|---|---|---|
| Deposito nog nie aangeteken: | 18 April 2023 | R 24 300 |
| | 27 April 2023 | 7 100 |
| EFO nog nie op staat: | Nr. 245 | 11 300 |
| | Nr. 246 | 6 750 |
| Batige saldo volgens bankrekening | | 8 800 |

**LET WEL:**

- Die deposito op 18 April 2023 en EFO Nr. 245 verskyn op die bankstaat vir Mei 2023 met die korrekte bedrae soos hierbo getoon.
- Die deposito op 27 April 2023 verskyn as R5 000 op die staat as gevolg van die vervalste note wat by die deposito ingesluit was. Hierdie bedrag moet afgeskryf word aangesien die geld nie ingevorder kan word nie.
- EFO 246 verskyn op die Mei 2023-staat met die korrekte bedrag van R6 250.

**B. Voorlopige totale vir die Kontantjoernale op 31 Mei 2023:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Kontantontvangstejoernaal | R76 270 | Kontantbetalingsjoernaal | R88 625 |

**C. Inligting op die bankstaat, nie in die Kontantjoernale vir Mei 2023 nie:**

| | |
|---|---|
| Bankkoste | R 235 |
| Debietorder vir die maand se versekering | 1 140 |
| Direkte deposito deur die huurder vir huur | 4 600 |
| Deposito deur 'n debiteur ter vereffening van sy rekening van R7 500 | 7 030 |
| Deposito deur Uzu Tegniese Kollege<br>* Dit is 'n fout op die staat aangesien die besigheid nie sake met die kollege doen nie. Dit sal op die volgende staat reggestel word. | 15 000 |

**D. Inligting in die Kontantjoernale vir Mei 2023, nie op die staat nie:**

- Uitstaande deposito's: 19 Mei 2023 R11 400
  26 Mei 2023 R10 800
- Uitstaande EFO Nr. 658 R 6 900

**E.** Die saldo volgens bankstaat is R?

**35**

## VRAAG 2: KOSTEREKENINGKUNDE (40 punte; 30 minute)

### 2.1 JABE REISTOERUSTING

Die inligting het betrekking op die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2023. Die besigheid vervaardig sportsakke en John is die eienaar.

**GEVRA:**

2.1.1 Bereken die totale Fabrieksbokoste. Gebruik die tabel wat in die ANTWOORDEBOEK voorsien word. Toon ALLE berekeninge. (12)

2.1.2 Stel die Produksiekostestaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2023 op. (8)

**INLIGTING:**

**A.**

| **Voorraadsaldo's:** | **28 FEBRUARIE 2023** | **28 FEBRUARIE 2022** |
|---|---|---|
| Goedere-in-bewerking | R 23 600 | R 35 400 |
| Indirekte fabrieksmateriaal | 9 300 | 12 700 |

**B. Transaksies vir die jaar geëindig 28 Februarie 2023:**

| | |
|---|---|
| Materiaal in fabriek vir produksie gebruik | R 374 500 |
| Indirekte materiaal vir gebruik in fabriek aangekoop | 87 600 |
| Diverse fabriekskoste | 65 570 |
| Salarisse en lone: | |
| Produksielone | **?** |
| Fabriekskoonmaakpersoneel | 48 510 |
| Administrasiepersoneel | 283 500 |
| Verkoopspersoneel | 217 400 |
| Huuruitgawe | 126 000 |
| Water en elektrisiteit | 82 000 |
| Versekering | 33 600 |

**C. Addisionele inligting en aansuiwerings:**

- Lone van die fabriekskoonmaakpersoneel is uit die joernaal vir Februarie 2023 uitgelaat. Besonderhede is as volg:

| **Totale bruto lone** | **Totale aftrekkings** | **Totale netto lone** | **Totale werkgewers-bydre** |
|---|---|---|---|
| R4 200 | R504 | R3 696 | R210 |

Werkgewersbydraes word by salarisse en lone bygetel.

- $^{2}/_{3}$ van die huuruitgawe het op die fabriek betrekking.
- ŉ Bedrag van R7 400 vir water en elektrisiteit vir Februarie 2023 is steeds uitstaande. Die fabriek gebruik 65% van die water en elektrisiteit.
- Versekering is vanaf 1 Maart 2022 tot 30 Junie 2023 betaal. Hierdie uitgawe moet in die verhouding 4 : 2 : 1 tussen die fabriek, administrasie- en verkoopsafdelings onderskeidelik verdeel word.

**D.** Die besigheid het 10 500 sportsakke teen ŉ koste van R112,80 per sak vervaardig.

## 2.2 FAZEL VERVAARDIGERS

Fazel Khan is die eienaar van die besigheid en hulle vervaardig rokke. Die finansiële jaar het op 28 Februarie 2023 geëindig.

**GEVRA:**

### 2.2.1 Beheer oor grondstowwe

- Fazel is bekommerd oor die vermorsing van materiaal tydens produksie. Bereken die aantal meters materiaal wat vermors is. (4)
- Verskaf TWEE moontlike redes vir hierdie vermorsing. (4)

### 2.2.2 Gelykbreekontleding

- Bereken die gelykbreekpunt vir die jaar geëindig 28 Februarie 2023. (4)
- Verduidelik of die besigheid tevrede behoort te voel met die die aantal eenhede gedurende die huidige finansiële jaar vervaardig. Verskaf TWEE punte. (4)
- Fazel is bekommerd oor die toename van R81 900 in totale vaste koste. Verskaf EEN rede waarom hy nie bekommerd behoort te wees nie. Haal syfers aan. (4)

**INLIGTING:**

**A. Direkte materiaal voorraad:**

| | **Materiaal** |
|---|---|
| Beginvoorraad | 1 720 meters |
| Aankope | 14 230 meters |
| Materiaal aan die fabriek uitgereik | 13 050 meters |

**LET WEL:** 1,8 meter materiaal word vir elke rok gebruik.

**B. Produksie, verkope en gelykbreek-eenhede:**

| | **2023** | **2022** |
|---|---|---|
| Aantal eenhede vervaardig en verkoop | 7 200 | 6 750 |
| Aantal eenhede vir gelykbreek | **?** | 7 074 |

**C. Addisionele inligting:**

| | **28 Februarie 2023** | | **2022** |
|---|---|---|---|
| | **Totaal R** | **Per eenheid R** | **TOTAAL R** |
| Verkope | 4 176 000 | 580 | 3 813 750 |
| Vaste koste | 1 850 400 | 257 | 1 768 500 |
| Veranderlike koste | 2 304 000 | 320 | 2 126 250 |

**40**

## VRAAG 3: VOORRAADWAARDASIE EN BTW (40 punte; 30 minute)

### VOORRAADWAARDASIE

3.1 Kies ŉ woord/term van die lys verskaf vir elke beskrywing hieronder. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommers (3.1.1 tot 3.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| deurlopende; spesifieke identifikasie; geweegde gemiddelde; periodieke; eerste-in-eerste-uit |
|---|

3.1.1 Metode wat aanvaar voorraad word in volgorde van aankope verkoop

3.1.2 Die stelsel verseker koste van verkope word by punt van verkope bereken

3.1.3 ŉ Unieke of individuele waarde word aan voorraaditems toegeken

3.1.4 Hierdie metode is gepas vir lae-waarde items wat in massa aangekoop word (4)

3.2 **LYON WINKELS**

Die besigheid wat besit word deur Lyon, verkoop een soort leerbeursie. Die besigheid gebruik die geweegde-gemiddeldemetode en die periodieke voorraadstelsel om die waarde van voorraad te bepaal.

**GEVRA:**

**Verwys na Inligting A:**

3.2.1 Bereken die volgende vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2023:
- Waarde van eindvoorraad (7)
- Aantal eenhede vermis (4)

3.2.2 Verduidelik TWEE strategieë wat Lyon kan gebruik om die probleem van klante wat items steel, aan te spreek. (2)

3.2.3 Die gemiddelde voorraadhoudingsperiode is 73,7 dae. Verduidelik of Lyon hieroor bekommerd moet wees. Verskaf EEN punt. (2)

**Verwys na Inligting B:**

Gedurende Oktober het Lyon twee soorte skootrekenaarsakke begin vewaardig.

3.2.4 Bereken die koste van verkope van die skoot rekenaarsakke. (5)

3.2.5 Lyon verstaan nie hoekom die verkope van die Coma-sakke beter was as die verkope van Komfi nie. Verskaf TWEE moontlike redes. (4)

**INLIGTING:**

**A. Leerbeursies:**

| | Datum | Aantal beursies | Kosprys per beursie | Totale waarde |
|---|---|---|---|---|
| **Voorraad-saldo's** | 1 Maart 2022 | 480 | | R71 040 |
| | 28 Feb 2023 | 360 | | **?** |
| **Aankope** | Mei 2022 | 450 | R155 | R 69 750 |
| | Augustus 2022 | 800 | R180 | 144 000 |
| | Oktober 2022 | 500 | R195 | 97 500 |
| | Januarie 2023 | 250 | R205 | 51 250 |
| | **TOTAAL** | **2 000** | | **362 500** |
| **Terugsendings** | Januarie 2023 | 30 | R205 | 6 150 |
| **Vraggeld op aankope** | Totale vraggeld van R20 960 is gedurende die jaar op aankope betaal. Lyon Winkels is nie vir vraggeld op terugsendings vergoed (terugbetaal) nie. | | | |
| **Verkope** | 2 050 eenhede is teen R295 elk verkoop. | | | |

**B. Skootrekenaarsakke:**

| Handelsnaam (model) | **KOMFI** | **COMA** |
|---|---|---|
| Eenhede gekoop | 200 | 300 |
| Kosprys per eenheid | R680 | R920 |
| Totale aankope-bedrag | R136 000 | R276 000 |
| Eenhede verkoop | 112 | 220 |
| Verkoopprys per eenheid | R1 190 | R1 380 |
| Totale bedrag van verkope | R133 280 | R303 600 |

## BELASTING OP TOEGEVOEGDE WAARDE (BTW)

3.3 Die inligting het betrekking op Big Winkels vir die 2-maande BTW-periode wat op 30 April 2023 eindig. Die standaard BTW-koers is 15%.

**GEVRA:**

3.3.1 Bereken die BTW-bedrag aan SAID betaalbaar op 30 April 2023.
**LET WEL:** Die gegewe foute en weglatings moet in ag geneem word. (10)

3.3.2 Die interne ouditeur het ontdek dat die eienaar, Benjamin, die BTW wat van klante ingevorder is, gebruik het om salarisse en bonusse te betaal en dat hy nie die volle bedrag verskuldig aan SAID op die sperdatums betaal het nie.

Verskaf EEN punt van advies aan Benjamin en ŉ verduideliking of rede om die advies te ondersteun. (2)

**INLIGTING:**

**A.** Bedrag verskuldig aan SAID op 1 April 2023 was R12 750.

**B. Bedrae uit die joernale op 30 April 2023:**

| | **BTW INGESLUIT** | **BTW** |
|---|---|---|
| Totale Verkope | R 486 450 | R 63 450 |
| Krediet Aankope van voorraad | 167 900 | 21 900 |

**C. Foute en weglatings opgemerk:**

- Voorraad, kosprys R4 300 (BTW uitgesluit), wat die eienaar geneem het, is nog nie aangeteken nie.
- Nulkoers-items met ŉ verkoopprys van R25 000 (BTW uitgesluit) is by Verkope ingesluit.
- BTW op korting toegestaan aan debiteure is nie aangeteken nie. Die totale korting toegestaan is R14 720.

**40**

## VRAAG 4: BEGROTING (35 punte; 30 minute)

Die gedeeltelik-voltooide Geprojekteerde Staat van Omvattende Inkomste is deur die boekhouer van Grandma Handelaars vir die periode 1 Augustus 2023 tot 30 September 2023 voorberei. Die eienaar van die besigheid is Prudence John.

**GEVRA:**

4.1 Lys TWEE items wat nie in ʼn Kontantbegroting sal voorkom nie. (2)

4.2 Bereken die ontbrekende bedrae soos deur **(i)** tot **(iv)** op die Geprojekteerde Staat van Omvattende Inkomste aangedui. (13)

4.3 Bereken die volgende:

- Die kosprys van die nuwe voertuig op 1 Augustus 2023 aangekoop (5)
- Die besparing op rente op lening na die terugbetaling op die lening (3)

4.4 **Verwys na die werklike en begrote bedrae vir Augustus 2023:**

Lewer kommentaar op die beheer oor die volgende items: Haal syfers aan.

- Telefoon, water en elektrisiteit (3)
- Advertensies (4)

4.5 ʼn Nuwe mededinger het gedurende Augustus 2023 vanaf ʼn nabygeleë perseel begin sake doen. Prudence het besluit om die winsopslag % te verlaag en om meer goedere op krediet te verkoop.

- Verduidelik die effek van die verlaging van die winsopslag % op bruto wins. Haal syfers aan. (3)
- Verskaf EEN nadeel verbonde aan die verkoop van meer goedere op krediet. (2)

**INLIGTING:**

**A.** Die besigheid gebruik ʼn winsopslag persentasie van 60% op kosprys. Voorraad verkoop, word in die maand van verkope vervang.

**B.** Daar word verwag dat verkope met 10% per maand sal styg.

**C.** **Bestuurders se salarisse:**

Die besigheid het ʼn verkoopsbestuurder en ʼn kantoorbestuurder in diens. Die kantoorbestuurder verdien R300 (per maand) meer as die verkoopsbestuurder. Die verkoopsbestuurder sal vanaf 1 September 2023 ʼn 5% verhoging ontvang.

**D.** ʼn Afleweringsvoertuig is op 1 Augustus 2023 aangekoop. Waardevermindering op voertuie word teen 15% p.j. op kosprys bereken.

**E.** Huurinkomste sal vanaf 1 September 2023 met 7,5% p.j. verhoog.

**F.** Rente op lening word teen 14% p.j. op die uitstaande saldo gehef. Rente word op die laaste dag van elke maand betaal en word nie gekapitaliseer nie. Die besigheid beplan om R90 000 van die lening op 1 September 2023 te betaal.

**G. Inligting uit die Geprojekteerde Staat van Omvattende Inkomste vir Augustus en September 2023 onttrek:**

| | AUGUSTUS BEGROOT | AUGUSTUS WERKLIK | SEPTEMBER BEGROOT |
|---|---|---|---|
| Verkope | 224 000 | 252 000 | 246 400 |
| Koste van verkope | (140 000) | (168 000) | **(i)** |
| **Bruto wins** | 84 000 | | |
| **Ander inkomstes** | | | |
| Huurinkomste | **(ii)** | | 16 340 |
| Kommissie-inkomste | 13 440 | 15 450 | 14 784 |
| Korting ontvang | | | 2 320 |
| **Bruto bedryfsinkomste** | | | |
| **Bedryfsuitgawes** | (48 700) | | |
| Salarisse (twee bestuurders) | 18 700 | 18 700 | **(iii)** |
| Lone (skoonmaker) | 2 180 | 2 180 | 2 289 |
| Onderhoud | 7 000 | 2 000 | 7 000 |
| Voertuiguitgawes | 0 | 3 600 | 0 |
| Administrasie-uitgawes | | | |
| Telefoon, water en elektrisiteit | 2 800 | 4 480 | 2 800 |
| Versekering | 2 200 | 2 200 | 2 200 |
| Advertensies | 6 800 | 7 375 | 7 390 |
| Waardevermindering | 12 000 | 14 875 | 14 875 |
| Handelsvoorraadtekort | 0 | 3 200 | |
| | | | |
| **Bedryfswins** | **(iv)** | | |
| Rente-inkomste (teen 8% p.j.) | 640 | 640 | 640 |
| **Wins voor rente-uitgawe** | 59 940 | | |
| Rente op lening | (6 300) | (6 300) | (5 250) |
| **Netto wins** | 53 640 | | |

**35**

**TOTAAL: 150**

| GRAAD 12 REKENINGKUNDE FINANSIËLE AANWYSERS FORMULEBLAD | |
|---|---|
| $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| Totale bates **:** Totale laste | Bedryfsbates **:** Bedyfslaste |
| (Bedryfsbates – Voorraad) **:** Bedryfslaste | Niebedryfslaste **:** Aandeelhouersbelang |
| (Handels- en ander ontvangbare bedrae + Kontant en Kontantekwivalente) **:** Bedryfslaste | |
| $\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ | $\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$ |
| $\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$ | $\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope of kredietaankope}} \times \frac{365}{1}$ |
| $\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ (*Sien nota hieronder) |
| $\frac{\text{Netto inkomste voor belasting + Rente op lenings}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang + Gemiddelde niebedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$ | |
| $\frac{\text{Aandeelhouersbelang}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Interim dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Finale dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Dividend per aandeel}}{\text{Verdienste per aandeel}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto inkomste na belasting}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopprys per eenheid – Veranderlike koste per eenheid}}$ | |

**LET WEL:**

* In hierdie geval, indien daar gedurende ʼn finansiële jaar ʼn verandering in die aantal uitgereikte aandele is, word die geweegdegemiddelde-getal aandele in die praktyk gebruik.

Kopiereg voorbehou